# 22 November 2023 - Lesing 182 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd - DEEL 2

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Wat is die doel van die lewe op aarde? – 14/1/61

**NO: 7797** Julle sal op hoogte moet wees van die doel van julle lewe op aarde, as julle weg oor die aarde as mens suksesvol wil wees en as julle julle bestemming wil bereik, **as julle weer wil word soos wat julle was in die allereerste begin**.

Want julle het van My af uitgegaan as hoogs volmaakte wesens. **Julle was geskape na My ewebeeld** - voorsien met alle goddelike eienskappe, - vol van lig en krag en julle het met My, julle God en Skepper, voortdurend in verbinding gestaan, - **sodat julle onophoudelik lig en krag van My kon put** en daardeur ook onuitspreeklik geluksalig geword het.

By 'n volmaakte wese hoort egter ook 'n **vrye wil**, omdat julle andersins geen goddelike skepsele genoem kon word nie. En hierdie vrye wil moes ook vir julle **twee moontlikhede** ontsluit, naamlik: Om volmaak te bly soos wat Ek julle geskape het, of om julle volmaaktheid prys te gee en julle wese te verander in die teenoorgestelde.

Julle sou dus julle "goddelikheid" moet bewys, deurdat julle wil net so gerig moes wees soos Myne, dat dit heeltemal moes opgaan in My Wil, ook al was dit volledig vry. Maar julle moes dan ook in staat gewees het om julle teenoorgesteld te gedra. Julle moes ook van My kon afval as teken van julle vrye wil, - as dit teen My en My Wil gerig was.

En Ek het hierdie wilsbesluit verlang van My die eersgeskape wese, die liggees, wie deur My oorgrote Liefde buite My geplaas was, **wie as My ewebeeld met My en naas My sou skep en werk in die geestelike ryk**.

Hy het in die hoogste volmaaktheid uit My voortgekom, hy was My ewebeeld – maar een ding het hom onderskei van My: **Hy het sy krag uit My geput, terwyl Ek die Bron van Krag Self was**. Hy het dit ook besef, want sy insig was allergroots.

En so word sy wil op die proef gestel wat daarin bestaan het om MYSELF as Kragbron te erken uit Wie hy voortdurend sy krag geput het. Daar het egter deur sy wil en uit My Krag **ontelbare wesens** voortgekom, wat almal **hoogs volmaak geskape** was, en wat netso toegerus was met alle gawes en 'n vrye wil, wat die bewys was van hulle goddelikheid.

Maar hierdie bewustheid om die verwekker van al die wesens te wees, het die eersgeskape gees, die ligdraer, **hoogmoedig laat word en in sy hoogmoed het hy teen My in opstand gekom**.

Hy het die beproewing van sy wil dus nie deurstaan nie, maar hy het deur sy wil 'n **skeiding** met My voltrek, wat waarlik nooit kon plaasgevind het nie, omdat alle wesens sou vergaan het, **omdat hulle sonder My en My Krag nie kon bestaan nie**. Maar die wat hulleself van My afgewend het, is deur die ligdraer, **- Lucifer-**, teweeggebring en **hulle val daarom ook in die diepte,** - 'n groot aantal geskape wesens wat hulleself met hom meegesleur het wat netso moes beslis en nou ook van My afvallig geword het.

Aan hierdie gebeurtenis, wat homself in die geestelike ryk afgespeel het, lê **die skepping van die wêreld ten grondslag,** die ontelbare skeppinge van die mees uiteenlopende aard, wat Ek laat ontstaan het as manier om die geestelike langs hierdie weg weer terug te voer na My – omdat hulle dan eers weer salig kan wees as hulle weer met My verbonde is, terwyl die verwydeing van My 'n **toestand van die grootste armsaligheid beteken het.**

Daarom probeer Ek om die kennis daaror steeds weer vir julle mense toeganklik te maak, **want julle is daardie gevalle geeste,** wat hulleself op die terugweg na My bevind en reeds digby die doel aangekom het. Julle eens volmaakte wese het julle verander en julle het daardeur onvolmaak geword.

Julle is ook as mens nog onvolmaakte skepsels, maar julle kan in hierdie aardse lewe weer volmaak word as julle slegs My wil vervul, as julle julleself sal aanpas by **die wet van die goddelike orde**, as julle 'n **lewe in liefde** sal lei en julle wese weer geheel tot liefde verander soos wat dit was in die allereerste begin.

**Die liefde verenig julle weer met My**, maar julle moet julle vrywillig oopstel vir My. Julle mag julle nie verweer wanneer My Liefde julle wil bestraal nie, julle moet alles doen om julle aardse opdrag te vervul, wat slegs daaruit bestaan dat julle julle wil na My sal keer – dat julle julleself geheel aan My sal oorgee en in liefde na My toe snel.

Dan word aan julle ook 'n **dieper kennis ontsluit** en die toestand sonder lig sal van julle wyk. Julle sal helder insig verkry, en julle sal die hele samehang begryp en julle sal julle armsalige toestand agter julle laat.

Julle verbind julle dan weer met My en julle vind in hierdie verbinding die **vroeëre geluksaligheid**, wat julle eens vrywillig prysgegee het, wat egter by elke wese hoort wat eens van My uitgegaan het as 'n stralende ewebeeld van Myself, tot hulle dit ook eens weer sal word, omdat dit My doel was en by die skepping en dit ook ewig sal wees:

**Om vir My kinders te vorm wat saam met My kan skep en werk in die hoogste geluksaligheid**. Amein.

Jesaja 14

*12 Hoe het jy uit die Hemele geval, o* ***Heylel (Lucifer),*** *seun van Shagar(die dageraad)! [Hoe] lê jy teen die Aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies!*

*13 En jy het in jou hart gesê: Ek wil opklim in die Hemele, my troon verhef bo die Sterre van El en sit op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde.*

*14 Ek wil styg bo die hoogtes van die wolke,* ***my gelykstel met die Hoogste El!***